# Wiskunde geletterdheid

KOSTER
GEKOMBINEERDE SKOOL

## BESKRYWING VAN DIE VAK:

Dis ŉ vak wat jou help met alledaagse konsepte. Onderwerpe wat behandel word, sluit in huislenings, voertuigfinansiering, inkomstebelasting, beleggings en lenings, sowel as huisplanne, die aankoop van boumateriaal, bankrekenings en rentekoerse, die gebruik van roetekaarte, skale van kaarte en vele meer. Wiskundige Geletterdheid rus leerders toe om wiskunde prakties en met kennis en selfvertroue in die daaglikse lewe toe te pas. Dit help leerders om situasies numeries en ruimtelik te interpreteer, krities te analiseer en ook om probleme op te los. Dít wat in Wiskundige Geletterdheid gedoen word, kan altyd later gebruik word.

## INHOUD VAN DIE VAK:

### INHOUD VAN ONS VAK:

- Persoonlike finansies.
- Meting.
- Kaarte, planne en modelle.
- Datahantering.
- Waarskynlikheid.
- Basiese logiese denke.
- Statistiese redenasie.

### GELETTERDHEID MAAK:

Wiskunde met ŉ punt van 30% – 49% maak GEEN deure oop by Universiteite nie! Daar is elke jaar leerders wat NIE Universiteitstoelating kry nie, omdat hulle Wiskunde geneem het en nie 50% daarvoor kon behaal nie. Dit kan selfs gebeur dat 'n leerder met vier onderskeidings slaag, maar a.g.v. vakkeuses en 40% vir Wiskunde, nie universiteitstoelating kry nie. As hy/sy egter Wiskundige Geletterdheid geneem het en bo 50% behaal het, sou die leerder met vrystelling geslaag het. Neem ook die uitwerking van finale punte op die TPT in ag.

### DAAR IS DEFINITIEF ŉ TOEKOMS VIR LEERDERS WAT WISKUNDIGE GELETTERDHEID NEEM.

Met Wiskundige Geletterdheid kan jy onder andere die volgende gaan studeer:
- **Baccalaureusgrade:** Verpleegkunde, Joernalistiek, Sielkunde, Regte, Besigheidsadministrasie, Maatskaplike Werk, Ontwerp (verskeie rigtings), Visuele Kuns, Drama, Mode-ontwerp, Multimedia, Somatologie, Kosmotologie, Sportbestuur, B.Ed (Onderwys), Hotelhouding en Spyseniering, Toerisme en nog vele meer.
- **Nasionale Diplomas:** Radiografie, Gasvryheid, Logistiek, Bemarking, Bankwese, Kredietbestuur, Algemene Bestuur.